# INTERESSANTE BROKKIES UIT DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899-1902

*J H van Niekerk (Onderwysersentrum Pietersburg)*


## VOORSPEL TOT DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

1 Uit die onderstaande omskrywe van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z A R) se Kommandant-generaal, Genl P J Joubert, kry ons 'n blik op die voorbereidings wat die Z A R-regering getref het vir die verwagte oorlog teen Engeland. Die omskrywe is op 2 en 3 Mei respektiewelik deur die Landdros- en Veldkornetskantore te Bethal ontvang. Daarin is onder meer opdrag gegee dat:


De Comdt. laat door elken V C of Ass. V C onderzoeken of elken burger in bezit is van zyn 50 Gouvts. patronen en zoo neen waarom niet. De V C zorgt dat elke dienstplichtig burger 50 Gouvts. patronen in bezit heeft. De V C verzegelt deze 50 patronen en maakt het duidelyk en laat het aan elken burger verstaan, dat hy het zegel niet mag openen zonder order van den VC) daar het onwettig zal zyn, indien hy een enkele van die patronen zal verbruiken, anders dan in zelfverdediging by aan- of vyandelyken inval of op uitdrukkelyken order van den Officier. Behalve de alzoo verzegelde 50 patronen, kan de Veldkornet aan elken getrouwen dienstplichtigen burger nog 50 Gouvts. in bewaring en bruikleen geveb, dat wil zeggen hy, kan de alzoo verstrekte 50 patronen wel in verlegenheid gebruiken, maar dan dadelyk door bykoopen moet aanvullen. De Veldkornetten moeten daarop streng toezicht houden. Waar het blykt, dat een burger zyn reeds ontvangen of later te ontvangen 50 verzegelde patronen onwettiglyk heeft verbruikt, of een deel er van niet kan vertoonen by inspektie, moet de VC hem een boete doen betalen voor de eerste maal van £2, en zal hy dadelyk het getal op 50 moeten opmaken en doen verzegelen. By de tweede overtreding zal de boete £5 zyn.

2 Die strydmagte van die Z A R is as volg georganiseer: Burgers tussen die ouderdomme 16 en 60 jaar was dienspligtig, en in totaal ongeveer 30 000 man. Die Kommandantgeneraal (genl. Piet Joubert, en tydens die oorlog opgevolg deur genl L Botha), was die opperbevelhebber, bygestaan deur 'n aantal veggenerals. 'n Veggeneraal voer die bevel oor 'n aantal kommandante, wat op hulle beurt in bevel van 'n distrik is. Distrikte word in wyke onderverdeel, elk met 'n bevelvoerende veldkornet. (Van der Walt, e.a.: Geskiedenis van Suid-Afrika, p.408). In Bethal was komdt Piet Greyling bygestaan deur vk Daniël Breytenbach (Wyk 1) en vk H S Grobler (Wyk 2).


Gedurende die oorlog het eers vk Breytenbach en daarna vk Grobler vir komdt Greyling opgevolg, sodat Piet Erasmus en Koos de Villiers die nuwe veldkornette geword het.



*Kommandant P J Greyling.*




*Kommandant D J Breytenbach.*



*Kommandant H S Grobler.*

## GREPE UIT DIE VERLOOP VAN DIE OORLOG

1. So lyk 'n pondnoot wat op 1 April 1701 te Pietersburg deur die regering van die Z A R uitgegee is.




2. Die Britse bevelvoerder het die Transvaalse en Vrystaatse krygers aangemoedig om wapens neer te lê. Baie het dit ook gedoen, en daar is na hulle as "hensoppers" of "verraaiers" verwys. In die onderstaande dokument waarsku F W Reitz, Staatsekretaris van die Z A R dat die burgers nie aan die versoek moet toegee nie.

**De Eed**

De volgende eed wordt door de Britsche krygsmacht gevorderd van burgers die hun wapenen afleggen:

"Ik, ondergeteekende, zweer en verklaar hierby plechtig, dat ik ingeleverd en onverhandigd heb alle wapenen en ammunitie van my opgeeischt door het Britsche Gouvernement, nl. alle geweren en geweer-ammunitie, van welke soort hoe ook genaamd, en ik zweer solemneel, dat ik geen geweer of geweer-ammunitie nog achterblyvende heb, en dat het my niet bekend is dat eenig zoodanig geweer of ammunitie door eenig ander persoon, hoe ook genaamd, verborgen of achter gehouden wordt, en ik zweer verder, dat ik niet de wapens zal opnemen tegen het Britsche Gouvernement gedurende den tegenwoordigen oorlog, noch zal ik ten eenigen tyd aan eenig lid der Republikeinsche krygsmacht eenige assistentie van eenigen aard, noch eenige informatie geven met betrekking tot de getallen, bewegingen of andere byzonderheden der Britsche tropen, dat tot myne kennis mag komen. Ik beloof en zweer verder, dat ik stil thuis zal blyven totdat de oorlog voorby is. Ik ben bewust, dat indien ik in deze of eenige wyze eene valsche verklaring heb gemaakt, of indien ik myn eed of belofte, zooals hierboven uiteengezet, zou breken, ik my zelven bloot zal stellen aan summiere of straffe behandeling door het Britsche gezag. Ik leg bovengemelde verklaring af, dezelve plechtiglyk voor de waarheid beschouwende. Zoo waarlyk helpe my God."


De Regeering waarschuwt alle burgers tegen het afleggen van zoodanigen eed, om reden dat dezelve niet erkend wordt door haar, en daar zy van oordeel is dat dezelve niet wettiglyk kan gevorderd worden van eenigen burger, noch kan eenige burger verplicht worden zoodanige eed af te leggen. Bovendien handelt een burger door het afleggen van zulk een eed tegenstrydig met zyn burgerlyke plicht en wordt hy daardoor een verrader van land en volk. Een dergelyke eed is tevens onzedelyk, omdat iemand daardoor een verspieder wordt van zyn mede-burger.

(w.g.) F W REITZ,
Staatssecretaris.


3. Die Britse bevelvoerder, Lord Kitchener, het besluit om die Boere-magte se bestaansbronne te vernietig deur middel van 'n verskroeide-aarde-beleid in 'n poging om 'n einde aan die oorlog te maak. Plase en dorpe is vernietig en afgebrand. Die vrouens en kinders is na konsentrasiekampe geneem.

Mev. Liebenberg, eggenote van die leraar op Bethal, het in haar dagboek aangeteken hoedat die dorp deur die Engelse soldate op 21 en 22 Mei verwoes is. Volgens haar dagboek het al die amptenare en ander mans die dorp die vorige dag verlaat. Die vrouens en kinders is die 20ste uit hulle huise verwyder en op oop waens op 'n bult buite die dorp geneem.

Met 'n seil oor twee waens gespan, het mev. Liebenberg onder die waens oornag. Die soldate het van die meubels uit die huise verwyder, dit opgekap en as brandhout aan die vrouens gegee. Die volgende twee dae het hulle in die Mei-maandkoue deurgebring en te midde van huilende kinders, vreesbevange aanskou hoedat die dorp in vlamme opgaan.



*Die murasie van Oom Danie Erasmus se huis op Yzervarkfontein wat tydens die oorlog afgebrand is.*



*Ruïne van die kerk wat op Bethal afgebrand is.*


4. Elke oorlog lewer sy eienaardighede op. Hieronder is 'n afdruk van die voorblad van D A Louw se Statebybel. Die inskrywings daarop vertel 'n interessante verhaal.

   Die eerste inskrywing vertel ons dat D A Louw die Statebybel as 'n geskenk van sy leraar, ds Liebenberg, ontvang het, en die tweede inskrywing dat die Bybel as 'n erfstuk aan sy seun, Nicolaas Louw, bemaak is.

   Met die aanvang van die oorlog het D A Louw die Bybel in een van die mure van sy opstal op die plaas Rietfontein, toegemessel sodat dit veilig bewaar bly terwyl hy op kommando is. Die opstal, insluitende die muur waarin die Bybel was, is egter gedurende die oorlog deur die Britse magte vernietig en die Bybel het spoorloos verdwyn.

   In 1925 het ene A B Jones, 'n Engelssprekende van Suid-Afrika wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in die Britse leër gedien het, in Australië gereis. In Melbourne het hy in 'n winkel wat tweedehandse ware verkoop, op die Bybel afgekom. (Sien die derde inskrywing) — dit is ongelukkig onvolledig as gevolg van die geskeurde bladsy). Jones kon Hollands lees. Hy het die wens van D A Louw eerbiedig deur die Bybel te koop en dit terug gebring na Suid-Afrika. Hier te lande het hy die moderator van die N G-Kerk versoek om te probeer om Nicolaas Louw op te spoor. Die sinode was juis toe in sitting en die moderator het die inskrywings in die Bybel aan die aanwesiges voorgelees. Soos die sameloop van omstandighede dit wou hê, was Nicolaas Louw op die sinode teenwoordig en het hy die Bybel in ontvangs geneem.

   Sodoende het die Bybel na bykans 25 jaar weer in besit van die Louw-familie gekom.


D. A. Louw
Rietfontein
Een klein Geschenk van
zijnen leeraar
J. P. Liebenberg
op zijn 57ste jaardag
1st Juli 1899.

Na zijnen dood een erfstuk
aan zijn zoon Nicolaas Louw

Found by A B Jones (Late Natal
Mounted Rifles)
Day 1925

GEDRUKT VOOR HET
BUITENLANDSCHE BIJBELGENOOTSCHAP.
TE LONDEN, QUEEN VICTORIA-STREET, E. C.
TE UTRECHT.
1892.

5. Penkoppe was jong seuns wat nog nie dienspligtig was nie, maar wat nieteenstaande by die kommando's aangesluit het. Mnr W H Ackerman het onderhoude met sommige van die oudstryders en eertydse penkoppe gevoer en dit in sy boek, **Opsaal,** gepubliseer. Die volgende is 'n paar uittreksels uit die boek:

   Oom Ben vertel: "Toe loop ek weg kommando toe, en kom by my pa se kommando uit. Hy gee my 'n afranseling en stuur my terug huis toe. Ek het 'n paar dae tuis gebly, toe loop ek weer in 'n ander koers weg en kom by kaptein Jack Hindon en Henri Slegtkamp uit. Hulle het my gou van 'n ryperd en geweer voorsien en daar ontmoet ek toe my oudste broer Gert, en toe pas die ding reg."

   Oom Cor sê: "Toe die oorlog begin het, wou ek vreeslik graag op kommando gaan, maar omdat ek nog maar dertien jaar oud was, wou my moeder glad nie daarvan hoor nie. Na die Engelse Johannesburg gevat het, het ek kommando toe weggeloop en by die Bethallers gebly tot ek gevang is en Bermuda toe gestuur is."

   "Ek het eers maar vee opgepas en by die waens gebly. In Maart 1901 loop ek weg en sluit by die kommando aan onder vk Willie Meyer. Daar het ek gebly totdat ek gevang is en Bermuda toe is," vertel oom Gert.

   Oom Jannie Ras sê: "Ek was maar 12 jaar oud toe ek weggeloop het kommando toe. Aan die begin het ek baie maal die perde vasgehou as daar geveg word,

maar ek het by die Bethalse kommando in die veld gebly, is nooit gevang nie en het op 7 Junie 1902 saam met die kommando die wapens afgelê op Grey se plaas." (Opsaal, pp.39-40).

## DIE VREDE VAN VEREENIGING

Vroeg in Mei 1902, antwoord kmdt Grobler soos volg op 'n vraag van genl Botha: "Generaal, u kan nie veel meer van die gebroke Bethallers verwag nie . . ." (Opsaal p.113). Tydens die vergadering van volksverteenwoordigers gehou vanaf 15 Mei te Vereeniging, doen kmdt Grobler soos volg verslag oor die toestand in Bethal: "Het district Bethal is verwoest van het eene einde tot het andere. Hy (komdt Grobler) heeft geen voedsel voor zyne commando's en zit met 300 familieleden. De toestand der families was ernstig. Vrouwen zyn door kaffers geschonden geworden" (Opsaal p.114).

Die oorlog word met die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 beëindig. By Remhoogte, op oom Danie Grey se plaas, lê die Bethallers op 7 Junie wapens neer. Hier word hulle vir oulaas deur 'n bedroefde genl Botha toegespreek.

# OPEN BRIEF

**Aan alle Officieren, Ambtenaren en Burgers der Z.A.R. die tot hiertoe hun plicht aan Land en Volk trouw hebben betracht.**

MEDE BROEDERS EN LANDGENOTEN,

Wij gevoelen het onze plicht een woord van dank en afscheid aan U te richten bij het beindigen van onzen strijd.

Het is onze plicht U in kennis te stellen dat er nu vrede gesloten is op de wijze en termen zoo als uiteengezet in de Overeenkomst door beide Regeeringen te worden geteekend, en op de gronden uiteengezet in het Besluit heden door de Volksvergadering te Vereeniging genomen.

Wij zeggen U hartelijk dank voor uwen heldenmoed, voor uw op offeren van zoo veel dat U lief en dierbaar was, voor uwe gehoorzaamheid, en voor uwe getrouwe plichtsvervulling, wat alles tot eer en roem voor het Afrikaansche Volk strekt.

Wij bevelen U allen aan in die Vrede te berusten en U stil en rustig te gedragen en de Nieuwe Regeering te gehoorzamen en te eerbiedigen.

Verder stellen wij U in kennis dat door de afgevaardigden van beide landen een Hoofd Comité is benoemd met het doel geld en middelen te verkrijgen om zoo veel mogelijk in de behoeften te voorzien van de Weduwen en Wezen, wier echtgenoten en vaders hun leven in den strijd voor vrijheid en recht gegeven hebben, doch weir nagedachtenis in onze geschiedenis zal blijven voort leven. Wij betuigen ook bij deze onze hartelijke sijmpathie aan die treurenden, biddende dat de Heer hun kracht naar kruis moge geven.

Wij moeten ook een woord van lof en dank brengen aan onze Vrouwen en Kinderen, die de bitterste opofferenigen en lijden met holden moed hebben gedragen.

Er is nu Vrede, en alhoewel niet een Vrede zooals door ons verlangd, laten wij berusten in dien weg waarin God ons heeft geleid. Wij kunnen met een rein geweten verklaren dat ons Volk twee en een halve jaar een strijd heeft gevoerd op een wijze zooals bijna ongekend is in de geschiedenis.

Laten wij elkander nu bij de hand vatten voor den anderen grooten strijd die voor ons ligt, voor het heil en welzijn van ons Volk op geestelijk en maatschappelijk gebied, met ter zijde zetting van alle gevoel van bitterheid, en laten wij leeren te vergeten en te vergeven zoodat de diepe wonden in dezen oorlog aan gebracht mogen genezen worden.

S. W. BURGER.

LOUIS BOTHA.

Vereeniging.
31st Mei, 1902

## DIE KRYGSGEVANGENES

1. Die Transvaalse en Vrystaatse krygers wat deur die Britse magte gevangene geneem is, is na krygsgevangenekampe op plekke soos St. Helena, Bermuda en Ceylon gestuur en het eers 'n paar maande na die vredesluiting na Suid-Afrika teruggekeer.

   Liebenberg se dagboek vertel van sy wedervaringe as krygsgevangene nadat hy op 4 Desember 1901 by Oshoek gevang is. Hieronder volg 'n paar uittreksels:

   Die 4de Desember was een van die belangrike dae, maar die Heilige Skrif sê: Alles werk mee ten goede, en daar is ook ander skape van die kudde — die krygsgevangenes — wat ook geestelik versorg moet word . . . Die eerste nag van ons gevangeneskap het ons in een van die blokhuise geslaap, voor die bek van 'n bom-meksim ingesluit deur dertig doringdrade deur- en oormekaar gevleg. Ons skoene was almal op 'n hoop buite die draadfort. . ."

   Terwyl hulle in 'n kamp net buite Ladysmith wag om na 'n krygsgevangekamp oorsee vervoer te word, speel die volgende toneel hom daar af:


   ". . . Op 'n sekere aand het sommige van die kêrels die kampgemeenskap vergas op 'n konsert en 'n bietjie te skerp op die vyand geskimp, met die gevolg dat ons die volgende week na warmer oorde vervoer is. Ons is op een van die 'besmette' transportskepe in Durbanbaai gelaai waar sommige van ons in die drukkende Durbanse somerklimaat byna beswyk het in die swak geventileerde ondersese eet- en slaapvertrekke. Dit was my bitterste ondervinding en my swaarste tyd gedurende die hele oorlog. . .

   "Eindelik is ons op 'n derde transportskip van dieselfde kaliber na Indië vervoer en in Madras geland. Daar was ons in verskillende kampe saam met ander krygsgevangenes. . .

   "In Indië het ons wonderlike tye beleef wat mens vir niks ter wêreld sal wil verruil nie. Gereeld twee dienste op 'n dag — môre en aand. 'n Skool is tot stand gebring vir die groot aantal kinderkrygsgevangenes en jongmense. Dapper seuns so vroeg in die oorlogsmeul! 'n Gereelde katkisasieklas is gehou, en 'n Strewersvereniging is ook gestig. . .

   "Wanneer pos in die kamp afgelewer is, was daar altyd trane van smart en hartpyn, want siekte en doodstydings uit die konsentrasiekampe van vroue, moeders en kinders in Suid-Afrika was aan die orde van die dag. Die leraar was nie daarvan gevrywaar nie, want ook hy moes een van sy twee kindertjies afgee."

2. Voordat die krygsgevangenes kon terugkeer na Suid-Afrika moes hulle eers 'n eed van getrouheid aan die Britse vors onderteken. Onderstaande dokument toon die eed wat deur J P Naude op 7 Augustus 1902 op St Helena onderteken is.



[Vertaling.]

Ik, Jacobus Petrus Naude
van* Rietfontein District
Bethal

hecht mijne toestemming aan de termen van de overeenkomst geteekend te Pretoria op 31 Mei tusschen mijne gewezene regeering en de vertegenwoordigers van Zijner Majesteit's regeering. Ik erken mijzelven te zijn een onderdaan van Koning Edward de Zevende en ik beloof hem, zijne erfgenamen en opvolgers volgens wet, wettige getrouwheid toe te dragen.

J P Naude

Verklaard voor my te St. Helena dezen 7 dag van August 1902.

John Proctor
Speciale Commissaris. Cape

* Vul in naam van plaats of dorp, wijk en distrikt.

BOOK V
No. 419 T.

E. R.

I, Jacobus Petrus Naude
of* Rietfontein District
Bethal

adhere to the terms of the agreement signed at Pretoria on 31st May, 1902, between my late Government and the representatives of His Majesty's Government. I acknowledge myself to be a subject of King Edward the Seventh, and I promise to own true allegiance to Him, His Heirs and Successors according to law.


J P Naudé

Declared before me at St. Helena this 7 day of August 1902.

John Proctor Cape
Special Commissioner.

* Fill in name of farm or town, ward and district.

3. Die krygsgevangenes wat via Durban na Suid-Afrika teruggekeer het, is meestal tydelik gehuisves in die konsentrasiekamp te Merebank, naby Durban. Vandaar is hulle per trein na hulle tuistes.



NATAL GOVERNMENT RAILWAYS.

Passengers' Ticket—Single Journey.

NOT TRANSFERABLE.

| No. of Passengers, in letters, not figures. | Class in letters, not figures. | Station from | Fare. | Amount. |
|---|---|---|---|---|
| | | MEREBANK | | |
| | | Station to | | |

THROUGH

Date 4/10/02

Issued by

*Treinkaartjie wat in 1902 aan mnr C D Kleynhans van Bethal na sy krysgevangeneskap op St Helena uitgereik is.*

(NS Uiteraard kan daar sommer baie insigvrae oor elkeen van hierdie dokumente gevra word. Ons hoop elke onderwyser gebruik hulle om lewe en insig in sy vak te blaas — Red).